

PERSOONLIKE VERSORGING (B)

Graad 6



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Van jongs af te leer dat hul liggaam 'n tempel van God is en dat hierdie "tempel" met respek behandel moet word.
2. Opleiding te gee in die hantering van hulself.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Kleding:
 - weet wat die doel van klere is.
 - 'n elementêre kennis van klerekasbeplanning hê en kan toepas.
 - in staat wees om klere te meng en te pas.
 - as 'n groep kleuranalise laat doen.
2. Velversorging:
 - Die vel se elementêre samestelling verstaan.
 - Weet hoe en waarmee die vel gereinig en bevog word.
 - Weet hoe om die vel te beskerm teen son, vuilheid en swak behandeling.
 - Kennis maak met die nut en gebruik van gesigmaskers.
3. Haarversorging:
 - Weet wat die rol is wat sjampoe, opknapper, spuitmiddels, jel en die gebruik van 'n haardroeër kan speel in die versorging of verwaarlosing van hare.
 - Deur middel van prentjies of deur 'n besoek aan 'n kundige vasstel wat die geskikste haarstyl vir die betrokke persoon is.
4. Naelversorging.
 - 'n Naelborsel korrek gebruik.
 - Die korrekte manier van naelvyf ken.
 - Die algemene versorging van naels toepas.
 - Weet hoe om naellak korrek aan te wend en te verwyder.
5. Eetgewoontes:
 - Weet watter kossoorte nadelig is vir die vel, die hare en die gewig.
 - Die voor- en nadele van diëte bespreek.
 - Weet wat anoreksie en bulimie is en wat die herstel moontlikhede is.
 - 'n Lys saamstel van geskikte kossoorte vir kinders van hul ouderdom.
 - Bespreek die nadeel van rook en drank op die gesondheid van enige persoon.
6. Tandversorging.
 - Weet waarom 'n tandarts gereeld besoek moet word
 - 'n tandeborsel korrek te gebruik.
 - Weet hoe tandeflos en tandestokkies gebruik word.
 - Weet wat is die voor- en nadele van 'n mondspoelmiddel
7. Houding:
 - Bepaal deur middel van 'n ideëberaad watter houding of optredes afstootlik is. Byvoorbeeld hard lag, grootpraat, vloek en katterigheid.

- Weet wat is die korrekte manier om te stap, te sit en te praat.
 - Weet wat die korrekte tafelmaniere is en so optree.
8. Toepassing:
- Beplan 'n geleentheid waar die groep saam kuier en alles toepas wat hulle geleer het.

C AANBIEDING

1. Dié spesialisasie is, met die nodige aanpassings, ook geskik vir seuns.
2. By elkeen van die vereistes kan 'n ander kenner genader word. Besoeke aan deskundiges kan gereël word om die spesialisasie interessant en leersaam te maak.
3. Vereiste 1. Besoek as groep 'n winkel, met wie vooraf gereël is, vir 'n demonstrasie van klere en kleure se samestelling en watter tipe klere vir watter figuur geskik is. Beklemtoon die feit dat liggaamsbou en velkleur die tipe klere en kleure bepaal wat 'n persoon kan dra eerder as die mode of groepsdruk.
4. Vereiste 2. Konsentreer hier op die versorging van die tiener vel en nie die grimering. Die skoonhou, behandeling van probleme en die beskerming van die vel. Nader van die bekende skoonheidshuise of dames wat skoonheidsmiddels by partytjies verkoop, om te help.
5. Vereiste 3. Voordat u die afdeling behandel gee aan die groep die opdrag om die winkels te besoek en te kyk hoeveel soorte (en teen watter prys) sjampoes en opknappers hulle kan raakloop. Dit sal ook goed wees as hulle kan vasstel vir watter haarprobleme voorsiening gemaak word in die middels. Raak ook aan die kleur, bleik en permanente karteling van hare, asook die gebruik van jel en ander produkte. 'n Besoek aan 'n haarsalon, waar hulle ingelig kan word, is ook 'n moontlikheid. Die groep reël dan 'n eie haarversorgingsdag waar hulle mekaar se hare was en behandel.
6. Vereiste 4 en 6. Opdrag duidelik.
7. Vereiste 5. Laat die groep elkeen 'n lysie maak wat hy graag eet en waarvan hy glad nie hou nie. Tydens die bespreking van watter kos voordelig en watter nadelig is, kan elkeen op sy lysie aantekeninge maak wat hy reg en verkeerd doen. Probeer hulle sover kry om 'n onderneming te gee dat hulle gaan probeer om die verkeerde soorte kos uit te skakel. Gereelde kontrole vrae van u kant kan moontlike veranderinge, wat verbeteringe is, meebring.
8. Vereiste 7. Die afdeling is nie net 'n eenmalige aanbieding nie, maar 'n voortdurende proses van opvoeding. Prys waar nodig, maar wys ook foutiewe optredes uit.
9. Vereiste 8. Die vereiste kan gesien word as die finale afronding van die spesialisasie. Alles wat geleer is, word sinvol saamgevat en toegepas. Hou 'n partytjie of ete vir die groep. Elkeen kom aangetrek soos geleer, hare en gesig behandel soos gedemonstreer en tree dan op soos betaam. Dit kan ook as toetsgeleentheid gesien word. 'n Ander moontlikheid is om 'n opedag te hou. Die kinders wat die kursus deurloop het, kan stalletjies beman waar hulle inligting aan ander kinders gee oor kleredrag, haarversorging, velversorging en algemene optrede.